# Graad R



Deur Elske Pretorius (Dirk Postma Laerskool)

## Menstekeninge

Kleuters moet ‘n volledige mens kan teken. Lyne moet egalig getrek word. Bewerige lyne kan dui op ‘n swak fynmotoriese vaardighede. Daar moet genoegsame kleur teenwoordig wees en dit is raadsaam om jou kind attent te maak om kleure toepaslik aan te wend.

Jou kind se hand-dominasie moet ook vasgelê wees. Kleuters is nie meer veronderstel om die kryt tussen hulle hande te wissel nie. Ruimtelike vaardighede is baie belangrik. Hy/sy potloodgreep moet nou korrek wees.

Wanneer jou kind teken, moet hy/sy weet dat wolke en sonne bo is en gras onder is. Sou jou kind ‘n mens teken moet dit nie bo in die lug hang nie. Dit is ook baie noodsaaklik dat jou kind vorms moet kan teken. As jou kind nie ‘n driehoek kan teken nie, kan hulle dit moeilike vind om die klankies wat skuins lyne het te skryf.

Jou kind moet genoeg uithouvermoë en deursettingsvermoë toon om ‘n volledige tekening te kan maak - sonder om moeg te raak. Onthou teken is die voorloop van skryf. Sou jou kind vinnig moeg word wanneer hy/sy teken moet ‘n mens aandag daaraan gee. In Graad R kan daar van jou kind verwag word om vir ‘n langer tyd te konsentreer asook om meer gevorderde opdragte te voltooi veral t.o.v. skeppende aktiwiteite.

## Klanke en getalle

Hier is ‘n paar speletjies wat julle kan speel om klankies en getalle aan te leer.



- Skryf in die sand, meel, modder of pitte.
- Rol slangetjies en vorm die klankies.
- Pak met klippe, blokkies of pitte.
- Skryf op sement. Loop of spring daarop.

## Herken en benoem klankies

Voordat daar van enige kind verwag word om te kan lees en skryf moet daar baie aandag gegee word aan visuele en ouditiewe persepsie.

<u>Visuele persepsie</u> het te doen met jou oë - Jou kind moet kan sien dat klanke verskillend lyk. Ooreenkomste en verskille tussen voorwerpe is die voorloop van hierdie vaardigheid.

- Skryf ‘n klompie klankies op proppies of papiertjies en laat jou kind al die klankies wat dieselfde is groepeer.

- Vorm klanke deur slangetjies met klei te rol.
- Trek klankies op die sement en hop daarop.
- Bou klankies met proppies, blokkies of klippe.
- Trek klankies in die sand.
- Vorm die klanke met ‘n tou. Jou kind loop daarop.

<u>Ouditiewe persepsie</u> het te doen met jou ore – Jou kind moet kan hoor dat klanke nie dieselfde klink nie. Dit is waarom jou kind nou al die klankies korrek moet uitspreek. (Die r-klankie is gewoonlik laaste.)

Sou julle klankies wat neergeskryf is, sorteer kan jy vir jou kind sê hoe die klankies klink. Hoe meer julle hulle attent daarop maak dat klankies verskillend lyk en klink, hoe vinniger snap hulle die hele proses van lees.

Hier is ‘n paar luister-speletjies

- “Ek sien iets met my kleine-kleine ogies....”
- Ouers sê woorde en kleuters moet sê wat watter klankie dit begin. Bv. mat – “m”.
- Noem die klankie waarmee jou naam begin.

Hierdie proses word progressief moeiliker soos die Graad R-jaar aanstap. Die eerste stap is om die begin-klankies te kan hoor en later die eind-klankies. Dit is noodsaaklik dat kleuters voordat hulle Graad 1 toe gaan die middel-klankies kan hoor. Sou hulle ‘n woord soos “mat” hoor, moet hulle dit “uitmekaar uit kan haal”. Bv. “mat” – ‘m’-‘a’-‘t’.

Kinders moet ook rymwoorde kan identifiseer.

<u>Gesyferdheid</u>

- Tel ritmies tot by 100 voordat hy/sy graad 1 toe gaan
- Tel terug van 10 tot 1
- Kan 15 voorwerpe korrek aftel
- Herken getalsimbole 1 tot 10
- Kopieer ‘n patroon wat uit klanke, getalle en vorms bestaan
- Bou 'n legkaart van ten minste 36 stukke en meer
- Kan prente bou met vorms
- Herken en benoem ligte en donker skakerings soos bv. liggroen, donkerblou ens.
- Kan middellyn kruis

Speletjies wat jou kind kan speel.







Kinders leer en verstaan konsepte beter deur te speel. Hulle leer wanneer hulle speel, dit is 'n natuurlike proses.

<u>Algemeen</u>

Die volgende aspekte is ook belangrik en vorm deel van assessering.

- Touspring
- Hardloop agteruit
- Spring met 2 voete gelyk oor voorwerpe
- Eenbeenstaan en -spring
- Gallop
- Huppel
- Balvaardigheid (vang, gooi en skop)
- Dae van week
- Maande van die jaar
- Ken en verstaan die seisoene
- Ken 'n telefoon nommer
- Ken geboortedatum
- Ken adres
- Natrek van stippellyne of kolletjies
- Weet waar is links en regs t.o.v. van alle liggaamsdele asook t.o.v. voorwerpe
- Voorgrond/ agtergrond
- Skoenveters vasmaak

**Kinders wat speel-speel leer onthou wat hulle leer.**

